Suid-Afrikaanse Vrouelandbou-unie

Wat weet jy van die **Suid-Afrikaanse Vrouelandbou-unie** (SAVLU)? Jy dink heel moontlik dit is ’n spul tannies wat koek eet en kuier en leer om te brei of te hekel. Wel, nou en dan eet die vroue seker koek en kuier saam en leer wel om te brei of te hekel, maar hierdie unie doen belangrike werk en het ’n ryk geskiedenis.

Hulle is al vanaf Oktober 1931 deel van die Suid-Afrikaanse landskap en snoer vroue oor grense saam. Hul hoofdoel is om opleiding te gee om tot die ontwikkeling van Suid-Afrika en sy burgers by te dra. Dit is ’n organisasie sonder winsoogmerk, en dit beteken dat hulle ingevolge die Maatskappyewet nie die winste onder lede verdeel nie, maar dit gebruik om die organisasie te laat groei. [1]

Die SAVLU wil geleenthede vir vroue skep en hulle met **vaardighede** toerus om ’n bydrae in hul gemeenskap te lewer. Die SAVLU is een van die grootste vroue-organisasies in die land en het saam met hul **geaffilieerde** organisasies meer as 7 000 lede in Suid-Afrika en Namibië.

Die ontstaan

Dit het alles in 1931 begin. Suid-Afrika het in daardie jare baie anders as vandag gelyk. Afrikaans is byvoorbeeld eers in 1925 as amptelike taal erken. Dit was ook die tyd van die Groot Depressie, wat ’n tyd van erge armoede was. Baie mense het hul werk verloor en swaargekry. Dit was die ergste ekonomiese **insinking** in die geskiedenis en het van 1929 tot 1939 geduur. [2]

Benewens die depressie en die feit dat wêreldhandel omtrent tot ’n einde gekom het, was daar ook ’n groot droogte in Suid-Afrika. Baie boere kon nie meer hul plase bekostig nie en moes na die stede toe trek. Die SAVLU is teen hierdie agtergrond gestig.

In daardie jare was daar vier provinsiale landbouverenigings, en hulle het tussen September 1925 en Desember 1930 – onder die voorsitterskap van E.W. Hunt, president van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie – oor ’n nasionale vrouelandbou-unie gesels. Die vier organisasies het op 17 Junie 1931 besluit om ’n nasionale vrouelandbou-unie te vorm. Die SAVLU het gevolglik by ’n kongres in Oktober van dieselfde jaar ontstaan. [3]

Die organisasie is as ’n tweetalige beweging gestig en is nie partypolities (dit beteken dat hulle nie sekere politieke partye ondersteun nie) of **sektaries** nie.

Die doel was om ’n nasionale organisasie te stig om vroue se belange te bevorder, veral omdat baie vroue toe nie lank skoolgegaan het of ná skool gaan studeer het nie. **Landelike** gebiede was ook geïsoleer, wat beteken dat mense nie eintlik bymekaar uitgekom het nie. Met mense wat finansieel swaargekry het, moes boervroue slim planne beraam om geld te maak. Hulle moes elke sent omdraai.

Daar was nie juis geleenthede vir jongmense om in daardie gebiede te bly nie, en baie van hulle het sommer gou-gou stede toe getrek. Die organisasie wou graag beter geriewe vir die jeug in plattelandse gebiede skep. E.W. Hunt wou die lewe op die platteland verbeter en kultuur bevorder.

Die eerste uitvoerende vergadering is op 28 Oktober 1931 by ’n vroueklub in Pretoria gehou, en die voorsitter van die vergadering was die eerste SAVLU-president, Edith O’Connor. Tydens ’n latere **kongres** is 55 resolusies bespreek, en ’n grondwet vir die unie is aangeneem.

Die eerste president

Edith O’Connor is as die eerste president verkies. Sy en haar man het in die Marico-distrik geboer en het die Molope-boerevereniging gestig. Sy was ook die adjunkpresident van die Transvaalse Landbou-unie (TLU). Dit was nogal ongewoon in daardie tyd omdat mans meestal die topposisies beklee het.

Sy het ook die vroue-afdeling van die TLU gestig, is daar as president verkies en

het dié pos tot 1946 beklee. O'Connor het vir 16 jaar die SAVLU gelei en het geglo dat dit een van die grootste organisasies in Suid-Afrika kon word en die land tot groot voordeel kon strek.

Wie is die SAVLU vandag?

Soos die land verander het, moes die organisasie ook verskillende baadjies aangetrek. Die Transvaalse Vrouelandbou-unie (TVLU), as een van die provinsies van die SAVLU, is tydens hul 70ste jaarlikse kongres ontbind en vier nuwe organisasies het ontstaan. Dit is VLU-Noord, VLU-Noordwes, VLU-Mpumalanga en VLU-Overvaal.

Wat doen die SAVLU?

Lede van die SAVLU hou gereeld tak- en streeksvergaderings, streekskonferensies, 'n jaarlikse nasionale kongres, gee geleenthede om 'n internasionale kongres by te woon, en bied somerskole (die aanleer van nuwe vaardighede), asook werkswinkels in spesifieke vaardighede of kunsvlyt aan. Vroue kan daar allerlei vaardighede aanleer soos hoe om te bak, brei, hekel, borduur en handwerk (soos mosaïek, kralewerk, pottebakkery en macramé) te doen.

Daar word ook kursusse aangebied vir vroue oor kommunikasie, leierskapsontwikkeling en geselligheidsbeplanning. Daar is gereelde inligtingsessies oor gesondheid, sekuriteit en veiligheid, kinders, regs- en verbruikerskwessies, asook praktiese demonstrasies, optredes deur motiveringsprekers en kunstenaars.

Daar word ook allerhande kompetisies vir lede gehou om hul vaardighede en talente ten toon te stel, soos in borduurwerk, skryfkuns, handwerk, fotografie,

hekel, brei en naaldwerk.

Omgee vir ander

Die SAVLU is nie ’n liefdadigheidsorganisasie nie, maar hul lede is wel by **opheffingsprojekte** in die gemeenskap betrokke, soos sopkombuise vir bejaardes, voedingsprogramme vir skoolkinders, gemeenskapsgroentetuine, opruimingsbedrywighede, gemeenskapsklinieke, vakansiekampe vir minderbevoorregte kinders, die opgradering van kleuterskole, Kersprojekte, en nog baie ander.

Woordbank

geaffilieerde	Organisasies of mense word by ’n groter groep ingelyf.
insinking	Agteruitgang.
landelike	Soos op die platteland, op plase en klein dorpies.
ontbondeling	Proses om gedeeltes (soos ’n groep organisasies of maatskappye) los te maak van mekaar.
opheffingsprojekte	Iemand help om in beter omstandighede te lewe.
macramé	Knoopwerk wat uit die knoop van tou of gare bestaan.
kongres	’n Byeenkoms van afgevaardigdes.
sektaries	Wat met ’n sekte verband hou. ’n *Sekte* is ’n klein kerklike of geloofsgroep.
vaardighede	Die vermoë om iets goed te doen.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Wat het alles in Suid-Afrika in die jare dertig gebeur?**
- **Meer oor die Vrystaatse Vrouelandbou-unie (VVLU) se geskiedenis**
- **Formidabele vroue word vereer**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Loer na ’n projek

Die invloed van die Groot Depressie op Suid-Afrika